



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

AARDRYKSKUNDE VRAESTEL I
NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

200 punte

Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore, wat 'n standardiseringsvergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal nie in enige gesprek treë of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat daar verskillende menings oor sekere sake van beklemtoning of detail in die riglyne mag voorkom. Daar word ook toegegee dat indien die standardiseringsvergadering nie bygewoon word nie, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1 GEÏNTEGREERDE VRAAG: MPUMALANGA PROVINSIE, SUID-AFRIKA

1.1 Geografiese Vaardighede en Tegnieke

1.1.1 Suid-Afrika en Mosambiek

1.1.2 Vier/ 4

1.1.3 Noordwes/ NW

1.1.4 125 km. Aanvaar antwoorde van 120 tot 130 km.

Nota: Moet nagegaan word op die gedrukte / finale kaart.

1.1.5 Standerton

1.1.6 Nelspruit

1.1.7 (a) Meeste van Suid-Afrika se steenkool-aangedrewe kragstasies is in Mpumalanga want dit is waar die groot steenkoolreserwes is. Die transmissie van elektrisiteit is meer sinvol (goedkoper) as om steenkool te vervoer na kragstasies wat op ander plekke geleë is.

- (b)
1. Ruimtelike
 2. Attribuu
 3. Attribuu
 4. Ruimtelike

(c) (i) Punt: ligging van enige van die groot steenkool-aangedrewe kragstasies (insluitend: Matimba, Lephalale, Medupi, Lethabo, Grootvlei, Kendal, Kriel, Kusile, ens. enige kragstasie op Fig 2.)
Enige dorp / stad op Figuur 2, bv. Johannesburg, Polokwane, Mbombela, ens.

(ii) Lyn: Provinsiale grens; internasionale grens

(iii) Veelhoek: area/ vorm van die grootste steenkoolvelde; provinsiale areas; areas van buurlande; area van die Indiese Oseaan op Figuur 2.

1.2 Klimaat en Weer


1.2.1 Redes vir die geïsoleerde buie en donderbuie in die middag langs die platorand in Mpumalanga:

Puntetoekenning: (3) vir geskrewe verduideliking; (3) vir benoemde diagram. Indien geen diagram, maks punte = (3).

- Datum van weervoorspelling: 21 April – laat-somer/ vroeë herfs – hoë temperature in die dag kan in die laeveld / al langs die platorand voorkom
- Warm, vogtige lug vanaf die Indiese Oseaan/ laeveld langs die kus – sub-tropies

- Verhitting gedurende die dag – konveksie – stygende lug – afkoeling – kondensasie – reënval (daarom buie / donderbuie in die middag)
- Platorand (soos gesien kan word in Fig 3) bevorder orografiese styging (orografiese reënval / die verandering in hoogte van die laeveld na die hoëveld langs die platorand forseer die lug om te styg en dit veroorsaak buie / donderbuie
- Benoemde diagram is verpligtend.

Diagram hieronder dien as 'n gids: Fokus op die regterkant van die model:



[Bron: <Teleskola>]

1.2.2 (a) Stel TWEE redes voor vir die temperature wat in die algemeen hoër in gebied A as in gebied B is. Enige TWEE redes.


Gebied A: SSK van Mbombela/ Nelspruit – HOËR temperature	Gebied B: Landelike gebiede wat die stedelike gebiede omring – LAER temperature
• Beboude gebied; kunsmatige oppervlaktes; hoë geboue, meer oppervlaktes, paaie / teer, sypaadjies, beton, absorbeer meer sonstrale/ insolasie – aardstraling. • Meer weerkaatsing van dakke, glas, metaal, geboue – dra by tot hoër temperature; albedo effek • Meer motorvoertuie, trokke, treine, lugverkoelers – dra by tot verhoging van temperature; besoedeling wat vrygestel word, kan deur die lang-golf aardstraling vasgevang en dit lei tot hoër temperature • Nywerhede / fabrieke dra by tot hitte / besoedeling • Stedelike hitte-eiland	• Natuurlike landelike gebied – plase, bome, gras, natuurlike plantegroei; absorbeer minder insolasie • Natuurlike oppervlaktes – minder weerkaatsing / absorpsie • Omtrent geen motors / trokke / treine / lugverkoelers • Geen nywerhede

- (b) Stel TWEE redes voor vir die reënval wat in die algemeen hoër in gebied A as in gebied B is. Enige TWEE redes.

Gebied A: Mbombela/ Nelspruit SSK Meer reënval	Gebied B: Landelike omgewing / plase Laer reënval
- In die algemeen is daar meer reën in SSK's / stedelike gebiede wat grootliks beboude gebiede is. - Meer hitte (stedelike hitte-eiland) veroorsaak meer verdamping, meer warm lug wat styg, meer konveksie. - Meer higroskopiese kerne is teenwoordig (nodig vir kondensasie om plaas te vind) as gevolg van meer besoedeling in die atmosfeer (nywerhede, voertuie, treine, ens.)	- In die algemeen ontvang landelike gebiede / plase / platteland minder reën - Minder hitte, dus minder verdamping, minder konveksie, ens. - Minder besoedelingsdeeltjies dus minder higroskopiese kerne vir reën om te vorm

- (c) Impak van die vallei van die Krokodilrivier op besoedeling oor Mbombela/ Nelspruit in die winter:
In die winter – besoedeling vrygestel deur nywerhede en voertuie sal vasgevang word in die riviervallei; katabatiese winde voer die besoedelingsdeeltjies af met die vallei af en dit kom bymekaar in die valleibodem; koue / stagnante lug vang die besoedeling vas (inversielaag)

Kandidate mag 'n diagram teken – paar van die sleutelbegrippe hieronder:



1.3 Geomorfologie

- 1.3.1 (a) satellietbeeld/ foto (bron van beeld: European Space Agency)
- (b) X: meander / kronkel
Y: samevloeiing/ samevloeiingspunt
- (c) Noordoostelike / NO
- (d) *Ekonomiese belangrikheid van die Krokodilrivier vir die mense wat op die regterkantste rivieroewer bly:*
Op die satelietbeeld is daar tekens van landbou / boerdery; besproeiing uit die Krokodilrivier; vrugbare vloedvlakte; vrugbare grond (alluvium) van oorstromings; landbou voorsien kos en daar is profyt wanneer dit verkoop word; werksgeleenthede word geskep – voorsien in die behoeftes van mense en hulle lewensbestaan; water is ook nodig/ nodig vir huishoudelike gebruik/ moontlik ligte nywerhede. Gee krediet vir enige geografiese toepaslike punte.
- (e) *Moontlike negatiewe impakte van die ekonomiese aktiwiteit op die regterkantse oewer van die dreineerstelsel van die Krokodilrivier:*
Boerdery/ landbou gebruik kunsmis/ chemiese produkte/ insekdoders/ spuitmiddels – hierdie skadelike middels kan in die rivierstelsel beland.
Gebruik van water vir boerdery / besproeiingsdoeleindes kan die volume water wat in die rivier vloei verminder.
Fauna/ flora/ ekosisteme in die rivier kan negatief beïnvloed word.
Gee krediet vir enige geografiese toepaslike punte.

1.3.2 Hidrograaf

- (a) (i) Afvoer: Die hoeveelheid water in 'n rivierloop wat verby 'n spesifieke punt in 'n gegewe tyd loop. Dit word gemeet in m³/sec (gegee op die hidrograaf).
- (ii) Basisvloei: Grondwater wat in die rivierloop insypel; ondergrondse water wat onder die watertafel is en in die rivierloop insyfer deur die walle van die rivier.
- (b) Totale hoeveelheid reënval: 8 mm (aanvaar 7 tot 9 mm)
- (c) Vertragingstyd: 18,5 ure (aanvaar 18 tot 19 ure)
- (d) Digte plantegroei wat die gebied van die Krokodilrivier omring sal die oppervlakafloop verminder (belemmer), wat sal lei tot meer insypeling – daar sal minder oppervlakafloop wees. In gebiede met min plantegroei word minder neerslag onderskep en daar sal dus meer oppervlakafloop wees want insypeling is minder.

1.4 Nedersettings

1.4.1 Sentrale Plek Teorie

1.	Fig 7
2.	Fig 7
3.	Fig 8
4.	Fig 7
5.	Fig 8
6.	Fig 8
7.	Fig 7
8.	Fig 8

1.4.2 Nedersetting van Riverside

- (a) geïsoleerde plaasopstal.
- (b) Standplaas van Riverside: Op gelyke grond / grond met 'n baie sagte helling, hoogte bo seespieël van ongeveer 270 m tot 280 m; naby die Krokodilrivier (watervoorsiening – vir huishoudelike gebruik en boerdery), op vloedvlakte, vrugbare grond langs die Krokodilrivier.
- (c) Ligging van Riverside: In die provinsie van Mpumalanga, Suid-Afrika; suid en wes van die Krokodilrivier / Kruger Nasionale Park; naby die grens tussen Mpumalanga en die Kruger Nasionale Park.
- (d) Gemengde boerdery.
Redes: Bewerkte lande en boorde en wingerde te siene – wys daarop dat verskillende gewasse verbou word.
 (Monokultuur = die verbouing van slegs een tipe gewas).
 (2 punte vir gemengde boerdery; 2 punte vir die rede)

1.5 Ekonomiese Geografie: OPSTEL

Onderopskrifte:

Die algemene doelwitte van die ROI strategie. (3)

- Om algemene investeringsprojekte in sleutel ekonomiese sektore in spesifieke gebiede van die land te skep en sodoende werksgeleenthede in hierdie sektore en gebiede te vermeerder.
- Om die ekonomiese potensiaal van gebiede te realiseer.
- Om ekonomiese groei te stimuleer, werksgeleenthede te skep, vermindering van armoede en werkloosheid.
- Ontsluiting van ekonomiese potensiaal; nuwe beleggings langs die ekonomiese 'korridors' te bewerkstellig.
- Stimuleer ontwikkeling van infrastruktuur.
- Identifiseer strategiese beleggingsgeleenthede
- Herstrukturering van Suid-Afrika se ruimtelike ekonomie na apartheid en sodoende historiese ruimtelike ongelykhede aan te spreek (ROI het begin in 1995)
- Om vervoernetwerke te verbeter
- Om besigheids- en beleggings omgewings te ontwikkel.

Gee krediet vir enige geografiese korrekte stellings wat die algemene doelwitte van die ROI verduidelik.

Bydrae van die MOK tot die ekonomieë van Suid-Afrika, Mosambiek en eSwatini (mag moontlik Namibië) insluit (9)

Kandidate moet verwys na die MOK ROI se bydrae tot die ekonomieë van SA, Mosambiek en eSwatini, en moet voorbeelde uit die primêre, sekondêre en tersiêre sektore gebruik.

'n Paar algemene riglyne:

- Ekonomie/ BBP: Uitvoere vanuit die onderskeie lande/ invoere na die onderskeie lande (handels-korridor)
- Werkskepping
- Maputo hawe – handel
- Tolpad, N4, Nasionale Pad; spoorlyne; pyplyne
- Verbind lande en provinsies wat afgesny is van die see met 'n diepwaterhawe (Maputo); ontsluiting van streke wat afgesny is van die see.
- Belangrike handelskorridor vir Gauteng – Suid-Afrika se ekonomiese kern/ middelpunt van nywerhede
- MOK: Goeie voorbeeld van gemengde ROI: nywerheid, landbou, bosbou, toerisme
- Spesifieke voorbeelde:
 - Mozal Aluminium smeltery / yster en staal aanleg in Maputo
 - Foskor: Phalaborwa
 - SASOL; Petro-chemikalieë; chemikalieë
 - Energie
 - Populêre toeriste bestemming (plaaslik en internasionaal); vermenigvuldigingseffek
 - Besproeiingskemas
 - Sub-tropiese klimaat (landbou)
 - Limpopo en Mpumalanga provinsies: landbou/ mynbou/ toerisme
 - Trans-Kalahari Korridor verbind Atlantiese Oseaan (Namibië) met Indiese Oseaan (Maputo)
- NB. Moet voorbeelde van die primêre, sekondêre en tersiêre ekonomiese sektore insluit

- Primêre: landbou/ boerdery; mynbou; bosbou; vissery
 - Sekondêre: vervaardiging
 - Tersiêre: dienste, veral toerisme; regering / administrasie / finansies
- Gee krediet vir enige geografiese korrekte waarnemings

Uitdagings vir die MOK (3):

- Instandhouding van paaie / spoorlyne / pyplyne / hawens
 - Sabotasie / diefstal van infrastruktuur
 - Impak van 'beurtkrag' op ekonomiese aktiwiteite
 - Koste van ontwikkeling van infrastruktuur; hoë kostes van logistieke
 - Politiek – politieke onstabiliteit – interne en eksterne politiek – verandering in regering en beleide; geo-politieke faktore
 - Korrupsie, wanbesteding van fondse
 - Beleggers is huiwerig om geld te belê.
 - Nie maklik om werk op grootskaal en wat volhoubaar sal wees te skep nie.
 - Regering, regulasies, beleide – mag verander
 - Skade deur natuurlike rampe, bv. tropiese siklone
 - Waarde van plaaslike geldeenhede neem af; wisselkoerse; hoë rentekoerse
 - Groot klomp kapitaal is nodig; aansienlike lenings
 - Kompetisie van ander streke / ander lande (glabalisering)
 - Nie al die dele van 'n land trek voordeel uit ROI; sommige streke / dele van 'n land bly uitgesluit – geen voordeel word getrek
 - Vertragings by die grens / geslote
 - Uitdagings om die verskillend investeringssektore te koördineer (divers / gemeng)
 - Private–publieke vennootskappe
- Gee krediet vir geografiese korrekte stellings

Rubriek wat gebruik moet word:

KRITERIA
Skryfvaardighede • Neem struktuur en aanbieding in ag • Gebruik kort inleiding en slotsom. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte.
Inhoudskennis • Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe. • Hou by onderwerp en onderopskrifte – gids hieronder: – Doelwitte (3) – Ekonomiese bydrae (9) – Uitdagings (3)
Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip • Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. • Verwysing na gevallestudiemateriaal/ feitêre / bronne materiaal wat gegee is. • Indien toepaslik moet verwys na bekende / plaaslike of ander voorbeelde.

VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

2.1 Bewegende weerstelsels

- 2.1.1 (a) (Intense) tropiese sikloon (Freddy)
- (b) Koue front
- (c) Okklusie stadium / okklusie
- (d) Suid-Indiese hoogdrukse / Mauritius hoogdrukse / SI antisikloon

2.1.2 Dit is mid-somer (20 Feb) en daar is 'n prominente koue front wat oor die binneland van die kontinent beweeg. Die hoogdruk gordel is ook effens in 'n meer noordelike posisie vir somer. Ongewoon vir 'n koue front en 'n tropiese sikloon om so naby mekaar te wees.

2.1.3

Vergelyk	Weerstelsel A	Weerstelsel B
Intensiteit	Baie intense – baie swaar en hewige reën (Die swart wolkbedekking – baie dig)	Swaar reën – kort buie Minder intens (Stroke swart wolkbedekking)
Hoeveelheid	Groot hoeveelhede wat kan lei tot wydverspreide oorstromings.	Minder reën – kan plaaslike oorstromings veroorsaak

2.1.4 Beweeg in 'n westelike rigting / WSW oor Madagaskar / beweeg in die rigting van die Mosambiekkanaal.

2.1.5 Die Suid-Atlantiese hoogdrukse is in 'n **posisie wat ander stelsels blokkeer**. Dit sal **verhoed** dat die tropiese sikloon in 'n **suidoostelike of 'n meer suidelike rigting draai** en dit word gedwing om eerder oor Madagaskar te beweeg en uiteindelik Mosambiek te **bereik**. Die middelbreedtesikloon sal **geforseer word om na die suidooste te beweeg weg van die kontinent af**. Moet na stelsels A en B verwys om maks punte te kry.

2.2 Mikroklimate van valleie

2.2.1 Stralingsmis / temperatuurinversie / vallei-inversie

2.2.2 Vroegoggend / omstreeks 08:00 (Aanvaar 07:00 tot 09:00)

2.2.3 • Kom voor in die laerliggende dele van die vallei terwyl die hoër-liggende hellings helder bly.

- op koue, wolkelose nagte wanneer aardstraling (uitgaande straling) vinnig plaasvind.
- Wanneer lugtemperatuur tot benede doupunttemperatuur daal.
- Wanneer kondensasie op 'n laer hoogte voorkom.
- Wanneer die son opkom lig die mis omdat die hitte van die son af veroorsaak dat die lug styg en mis verdwyn.


- 2.2.4 • Op koue, wolkelose nagte wanneer aardstraling (uitgaande straling) vinnig plaasvind en die koue lug afwaarts in die vallei beweeg.
- Ryp mag op die valleivloer vorm **sou die temperatuur laer as 0 °C daal.**

2.3 Die dreineergebied van die Umzimvuburivier

- 2.3.1 (a) C
(b) D
(c) B
(d) A
(e) A

2.3.2 Verwys na Figuur 14.

- (a) grens van die dreineerom / grens van die dreineergebied
- (b) rond / sal omgekeerde peervorm aanvaar
- (c) Kies die korrekte hidrograaf wat die afloop by die hidrometriese stasie (D) in Figuur 14 meet. Merk die korrekte antwoord in die spasie daarvoor toegelaat..



- (d) Omdat die boonste opvangsgebied groot en rond is sal die water in die rivier punt D eers na 'n lang vertragingstyd bereik. Die water in al die groot sytakke kom in 'n kort tyd bymekaar wat dan 'n baie hoë spits in die hidrograaf gee.

- 2.3.3 (a) Die landskap toon tekens van hernude erosie of **verjonging**.
- (b) Die loop van die Tinarivier dui op 'n rivierloop waar die **kronkels** ingesny is..
- (c) Die Tinarivier het 'n **ongegradeerde** profiel.

2.3.4 Verwys na Figuur 14 en die Feitelêer van die Umzimvuburivier, Oos-Kaap.

Die Waterbestuursplan van die Umzimvuburivier Opvangsgebied stel die konstruksie van 'n aantal groot damme in die area voor. B tot E op Figuur 14 stel die onderskeie plekke / standplase voor vir die damme.

- (a) Kies enige van die benoemde standplase vir die damme (B, C, D of E). Verklaar die standplaas en ligging van die dam wat jy gekies het.

STANDPLAAS B

Standplaas – in die boonste lope van die Mzintlavarivier (skoon water)

Ligging – na aan Kokstad – water is nodig vir die stedelike gemeenskap

Goeie standplaas vir berging van water

In KwaZulu-Natal

STANDPLAAS C

Standplaas – samevloeiing van die Kinira- en Umzimvuburiviere – gradiënte moontlik steiler en die dam sal dieper wees.

Ligging – in die Oos-Kaap, SW van Kokstad; SSO van Matatiele

STANDPLAAS D

Standplaas – vier groot riviere kom by hierdie punt bymekaar; sal 'n groot dam of bergingsfasiliteit wees.

Ligging – na aan Port St Johns – groot stedelike gebied; met groot bevolking

Goeie plek om water op te dam; Oos-Kaap

Sedimentasie mag 'n probleem word

STANDPLAAS E

Standplaas – Gelyke grond; goeie watervoorsiening (groot rivier) / kusvlakte

Standhoudende bron van water

Ligging – naby Port St Johns/ versekerde watervoorsiening vir die mense wat daar bly / na aan die kuslyn.

- (b) Evalueer hoe die konstruksie van die dam wat jy gekies het (in Vraag 2.3.4 (a)) tot voordeel van die plaaslike mense en gemeenskappe sal strek en hoe dit sal bydra tot die strategie vir bestuur van oorstromings in die opvangsgebied.

Kandidate moet verwys na die Feitelêer vir sommige van die antwoorde.

- Skoon drinkwater aangesien water in damme gestoor kan word. Water word meer toeganklik vir die gemeenskappe.
- Landbou / besproeiing word meer toeganklik / hidro-elektrisiteit

- Ontspanning / werkskepping / voedselbron
- Damme gee opsies om oorstromings te beheer – verminder hoë volumes van vloei tydens oorstromings – wat kan veroorsaak dat daar wegspoelings en skade aan die infrastruktuur is.
- Voorkom dat paaie en brûe weggespoel word en dus is daar beter toeganklikheid wanneer daar oorstromings is – beter as wanneer gemeenskappe van die buitewêreld afgesny word.
- Voorkom erosie – meer water vloei in die damme in wat erosie verminder asook uitkalwing van rivieroewers en modderstortings. Dit beteken ook dat minder paaie toegemaak sal moet word.

Enige toepaslike argument.

VRAAG 3 NEDERSETTING (LANDELIK EN STEDELIK) EN EKONOMIESE GEOGRAFIE

3.1 Terminologie van Nedersetting

- 3.1.1 A
- 3.1.2 D
- 3.1.3 C
- 3.1.4 B
- 3.1.5 B

3.2 Verstedeliking en Nedersettings in Afrika.

3.2.1 Verstedeliking: die toenemende proporsie of persentasie van mense wat in dorpe en stede bly.

3.2.2 aanvaar 12% tot 14%

3.2.3 Lagos, Kinshasa, Kaïro (enige een)

3.2.4 (a) **Behuising:** Vinnige verstedeliking sal lei tot 'n toename in die vraag na behuising in stedelike gebiede. Informele nedersettings sal sekerlik toeneem omdat daar nie genoeg formele behuising beskikbaar sal wees om in die behoefte te voorsien nie. In bestaande formele woongebiede sal daar groter verdigting wees – meer mense sal in die bestaande huise / wooneenhede / kamers bly. Huise in die 'agter erwe' ('Back-yard') sal toeneem (tweede of derde huis op bestaande erwe). Toename in haweloosheid omdat die mense nie behuising kan bekostig of verkry nie. Daar sal nuwe residensiële ontwikkelings wees – nuwe geboue wat uit wooneenhede bestaan, afgesperde landgoedere, spoggerige en luukse residensiële ontwikkelings, sosiale behuising. Belangrikheid van aanvraag na behuising vs. beskikbaarheid / voorsiening.

(b) **Vervoer en verkeer:** Dramatiese toename in verkeer; verkeersopeenhopings / verkeersknope; styging in besoedelingsvlakke; groter vraag na openbare vervoer, bv. taxi's, busse. In sommige stede sal nuwe, verbeterde openbare vervoerstelsels (bv. Bliastreine (*rapid rail*), nuwe busstelsels, lugtreine, moltreine.) ontwikkel word. Stede wat vinnige uitbrei mag dalk die hoeveelheid verkeer wat in die binne-stedelike gebied toegelaat word reguleer – daardeur mense wat hulle eie motorvoertuie in die binne-stedelike gebiede wil gebruik, ontmoedig.

(c) **Voorsiening van dienste, bv. water, energie, vullisverwydering:** Groter behoefte aan sulke dienste weens die toename in die bevolking. Stelsels mag moontlik nie kan tred hou met die toename in die aanvraag nie – dit lei tot ineenstorting van stelsels / gebroke stelsels, bv. elektrisiteit beurtkrag, water wat nie beskikbaar is nie, vullis wat nie verwyder word nie. Koste verbonde aan sulke dienste mag

drasties styg. Positiewe voordele kan die volgende insluit: meer herwinning van afval, gebruik van skoon energiebronne (bv. sonkrag), opvang van reënwater.

3.2.5 Stel voor hoe die vinnige verstedeliking in Afrika landelike nedersettings sal beïnvloed:

- Ontvolking van landelike dorpe; bevolkingsafname van landelike dorpe namate mense na die stede wegtrek.
- Landelike – stedelike migrasie sal toeneem.
- Landelike nedersettings kan ekonomies/ landboukundig agteruitgaan: minder arbeid beskikbaar vir landbousektor / omsien na lewende hawe.
- Sommige landelike nedersettings mag heeltemal agtergelaat word - lei tot 'spookdorpie' (onbewoond)
- Klein plaaslike winkels mag hulle deure sluit omdat daar minder mense is wat hulle ondersteun; die mense wat agterbly in die landelike nedersettings sal vër moet reis vir goedere en dienste.
- Armoede/voedseltekorte in landelike gebiede mag toeneem.
- In sommige gevalle mag die ouer mense (en kinders) agterbly in die landelike gebiede wanneer die jonger mense (arbeiderskorps) die landelike dele agterlaat en na die stedelike gebiede wegtrek.
- Landelike vernuwing mag gebeur – mense sien die platteland as aantreklik, en 'n teen-vloei kom voor wat die landelike gebiede tot voordeel strek.

Gee krediet vir enige geografiese relevante voorstel

3.3 Terminologie van Ekonomiese Geografie

3.3.1 ongebonde

3.3.2 primêre

3.3.3 vervaardiging

3.3.4 hawens en lughawens

3.3.5 aansporings

3.4 Impak van veranderinge in Ekonomiese Aktiwiteite

3.4.1 Mynbou word as 'n primêre ekonomiese aktiwiteit geklassifiseer omrede dit die ontginning van natuurlike bronne in hulle onverwerkte toestand uit die aarde behels. Geen vervaardiging of prosessering het plaasgevind nie.

3.4.2 Moontlike redes vir die sluiting van die myn: TWEE is nodig

- Goud reserves is uitgeput / is nie meer beskikbaar nie.
- Lae kwaliteit van die reserves, dit maak die ontginning van die goud onekonomies, nie ekonomies nie.
- Stygende kostes (bv. arbeid, elektrisiteit, vervoer) maak die myn nie ekonomies vatbaar nie
- Kwessies rakende arbeid (bv. stakings)
- Prys van goud val – winste daal
- Geen winste word meer gemaak nie
- Maatskappy is verkoop en die nuwe eienaars het besluit om die myn te sluit.

Gee krediet vir enige punt wat geografies verwant hou.

3.4.3 Impak van sluiting van die myn op die mense en omliggende dorpe:

- Verlies aan werkgeleenthede; verlies aan inkomste; kan nie meer huisgesinne onderhou nie.
- werkloosheid, armoede en hongersnood neem toe. Kan lei tot misdaad a.g.v. ekonomiese desperaatheid.
- Mense wat voorheen op die myn gewerk het sal Otjikoto verlaat op soek na werksgeleenthede; werk-migrasie.
- Winkels en besighede wat deur die myn ondersteun was sal sluit
- Omliggende dorpies en dorpe sal 'spookdorpe' word soos die inwoners wegtrek en die besighede sluit.
- Kan lei tot onwettige mynboubedrywighede in 'n poging om geld te verdien – dit is gevaarlik en onwettig.

Gee krediet vir punte wat geografies verband hou.

3.5 Formele en informele ekonomiese sektore

3.5.1 Die taxibedryf val in die formele ekonomiese sektor omdat dit geregleer, gekontroleer word deur die regering se beleide, die inkomste word verklaar en belasting word daarop betaal.

Sommige taxi's bedryf hulle besigheid privaat (buite die formele sisteem) en vorm deel van die informele ekonomie. Hierdie inkomste mag buite die formele belastingstruktuur val.

3.5.2 Hierdie formele ekonomiese sektore trek voordeel uit die taxibedryf:

- Verkope van nuwe en tweedehandse voertuie.
- Verkeersdepartement – lisensiëring en registrasie; verkeersboetes
- Verskaffers van brandstof: petrol, diesilverkope, olie.
- Verkope van produkte en dienste wat betrekking het, bv. bande, batterye, duikklopwerk, spuitververy, stoffering, windskerms, ens.
- Diens en regmaak van voertuie.

3.5.3 Die informele handelaars wat langs die taxistaanplek hulle besigheid bedryf sal voordeel trek uit die baie mense wat op- en afklim van die taxi's by die taxistaanplek; daar is mense van vroegoggend tot in die aand by die taxistaanplek en in die omgewing is – dit sal vir hulle gemaklik wees om hulle produkte (bv. vrugte en groente) by die informele handelaars te koop; dit is die ideale plek om hulle besigheid te bedryf uit die oogpunt van die ligging – die kopers is gewaarborg – hulle gaan daar verby.

Totaal: 200 punte